VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN DIE WET OP DIE BEHEER VAN VUURWAPENS 2021

Die Konsepwysigingswet op die Beheer van Vuurwapens soos gepubliseer op die webwerf van die Siviele Sekretariaat vir Polisie stel ‘n talle wysigings voor. Eerder as om elke voorgestelde wysiging te bespreek, fokus ons slegs op die wysigings wat vir lede van SA Jagters van belang is, of van belang mag wees.

Die volgende wysigings word voorgestel.

Artikel 1

Artikel 1 van die wet word gewysig deur ‘n aantal definisies by te voeg. SA Jagters verwys slegs na sommige van die voorgestelde wysigings.

“**Automated ballistic identification system**” en “**ballistic sampling**” word nuut definieer. Die automated ballistic sampling system verwys na ‘n stelsel wat die Polisie moet skep om ballistiese data van alle vuurwapens te hou.

“**Ballistic Sampling**” word gedefinieer en dit is duidelik gefokus op ‘n punt of ‘n doppie of beide van dieselfde wapen wat die Polisie moet bekom en bewaar vir vergelyking.

Kommentaar: *SA Jagters en ander rolspelers het Dr David Klatzow, ‘n bekende onafhanklike forensiese ondersoeker wat soms in konflik met die Polisie is, versoek om navorsing oor “ballistic sampling” te doen. In sy verslag gee hy vier redes waarom dit nie sinvol is nie. Onder andere bewys hy dat die klassieke ballistiese karaktertrekke van ‘n vuurwapen kan verskil wanneer verskillende tipes ammunisie gebruik word omdat die hardheid van die koper waarvan doppies gemaak word of die hardheid van punte tussen handelsmerke of vervaardigers verskil of omdat die hardheid van die metaal waarvan die slagdoppie gemaak is, kan verskil. Weens slytasie van sekere dele van die vuurwapen oor verloop van tyd sal die merke wat dit op doppies en op punte laat ook mettertyd verskil.*

‘n **Kaliber** word beskryf as “a cartridge as described by dimensions and make, mark, model or type”.

Kommentaar: *Vir die beskrywing van kalibers is daar internasionaal twee konvensies. Die eerste is die Europese konvensie waar die metrieke meetstelsel gebruik word en waar ‘n kaliber verwys na die deursnit van die koeëlpunt en die lengte van die dop.*

In Amerika word die imperiale meetstelsel met duim as maatstaf gebruik en dikwels word die naam van vervaardigers wat die eerste keer die patroon vervaardig het daarby gevoeg.

Om verwarring te voorkom, behoort beide konvensies gebruik te word.

“**Dedicated hunter**” wat soos volg lees. “Means a person who qualifies to engage in hunting and actively participates in prescribed manner in such hunting activity and who is a member of a accredited hunting association”.

“**Dedicated sports person**” means a person who qualifies to engage in sports-shooting under this Act and actively participates in the prescribed manner in such sports-shooting and who is a member of an accredited sports-shooting organisation.

Kommentaar: *Die onderstreepte dele word bygevoeg sonder om enige rede of duidelikheid te verskaf oor waarom dit noodsaaklik is. Hier word verwys na “who qualifies”. Na watter kwalifikasie word hier verwys?*

Daar word ook vereis dat daar op ‘n voorgeskrewe manier aan jag- en sportskietaktiwiteite deelgeneem moet word, maar hierdie voorgeskrewe manier is nêrens beskikbaar nie.

“**Firearm**” se definisie word aangevul om enige “muzzle loading firearm” in te sluit. “**Muzzle loading firearm**” word dan ook in detail beskryf.

Die definisie van “**Minister**” as synde die “member of the cabinet responsible for policing”

Kommentaar: *Hierdie definisie vereenvoudig die begrip van watter Minister verantwoordelik is.*

“Professional hunter means any person who supervises, escorts, offers to, or agrees to, supervise or escort a client, for reward, in connection with the hunting of a wild or exotic animal, who is

authorised to do so in terms of any applicable legislation and is a member of a professional hunting association"

Kommentaar: *voorheen was die toepaslike wetgewing net geag as provinsiale wetgewing. Dit word nou gewysig na alle wetgewing. Die vereiste van lidmaatskap van 'n geakkrediteerde professionele jagtersvereniging word bygevoeg*.

Prohibited firearm means a firearm or device the possession of which is prohibited under section 4

"Restricted Firearm means any semi-automatic rifle or semi-automatic shotgun, which cannot readily be converted into a fully automatic, or: firearm declared by the Minister by notice in the Gazette, to be a restricted firearm"

Kommentaar: *Die definisie van 'n "restricted firearm" word uitgebrei om meer omvattend te wees. Dit kan verwag word dat baie meer vuurwapens as beperkte vuurwapens verklaar sal word.*

Artikel 2

Artikel 2 handel met die doel van die wet.

Die wet soos dit tans lees bepaal dat die doel van die wet is om: (a) **enhance the constitutional rights to life and bodily integrity.**

Die voorstel is dat hierdie beskrywing vervang word met.

(a) to ensure restrictive access to firearms by civilians, to ensure public order, to secure and protect civilians and to comply with regional and international instruments on firearms control.

Kommentaar: *Die bewoording soos dit tans in die wet staan, verwys na die bevestiging en ondersteuning van grondwetlike regte. Die voorgestelde wysiging maak dit skielik 'n uiters beperkende doel van die wet, naamlik om beperkte toegang tot vuurwapens te vestig. Hiermee wil die wetgewer duidelik die siening beaam dat daar geen grondwetlike reg is om vuurwapens te besit nie maar dat dit 'n voorreg is.*

Verder is dit belangrik om te verstaan dat indien die bedoeling is om selfverdediging as motivering vir wapenbesit te skrap, dit noodsaaklik is om hierdie wysiging aan te bring. Indien die wet aanhou lees soos tans, naamlik met die doel to ***enhance constitutional rights to life and bodily integrity,*** *dan sal daar baie moeilik beweeg kan word na die skrap van Artikel 13 wat voorsiening maak vir die uitreik van 'n lisensie vir selfverdedigingsdoeleindes. Die voorgestelde wysiging wil die individu se reg beperk deur die beperkte toegang tot vuurwapens in te skryf.*

Hierna volg dan twee nuwe subartikels 2 A (a) en (b).

Subartikel 2A lees soos volg:

(a) confirm firearm possession and use as not being a right but a privilege that is conditional on the overriding need to ensure public safety and

(b) improve public safety by
- **(i) imposing strict controls on the possession and use of firearms**
- **(ii) promoting the safe and responsible storage and use of firearms and**
- (iii) **providing a framework for a holistic approach to the control of firearms**

Kommentaar: *Tans omskryf die wet duidelik die grondwetlike reg tot lewe en veiligheid, waar die wysigings dit beperk tot die voorreg om 'n wapen te besit en onderhewig is aan die oorkoepelende behoefte om openbare veiligheid te verseker. Dit is presies wat die Polisie nie doen nie en duidelik nie kan doen nie. Ons moet ook verstaan dat daar hiermee 'n verpligting op die Polisie geplaas word om openbare veiligheid te verseker.*

In Subartikel 2B word 'n hele paar toevoegings gemaak:

The objects of this Act are to—

(a) prohibit the possession and use of prohibited firearms and self-loading rifles and shotguns, except in special circumstances;

(b) establish an integrated licensing and registration scheme for all firearms;
(c) require each person who possesses or uses a firearm under the authority of a licence to provide a valid reason for possessing or using the firearm;
(d) provide strict requirements that must be satisfied in relation to licensing and renewal of licences in respect of firearms and the acquisition and supply of firearms; and
(e) ensure that firearms are stored and conveyed in a safe and secure manner;"

Kommentaar: *Hier kom die verbod op besit en gebruik van semi-outomatiese vuurwapens, behalwe in spesiale omstandighede (wat nie verduidelik word nie), die skep van 'n geïntegreerde lisensie en registrasiestelsel, (dit het die wet soos dit nou lees in elk geval vereis en die Polisie kon dit sedert 2006 nie maak werk nie) en beperkings op lisensiëring met streng addisionele vereistes wat nagekom moet word. Waar die wet soos dit nou lees slegs 'n motivering vereis vir 'n wapen vir selfverdediging word die motivering vir enige lisensie nou in die wet ingeskryf. Die beperking op die stoor en vervoer van wapens word nuut in die definisie toegevoeg.*

Die Polisie skep vir hulleself 'n massiewe klomp werk met hierdie toevoegings. Hulle kon sedert 2006 die wet soos dit nou lees nie behoorlik implementeer nie en sal waarskynlik net so die wysigings wat nou voorgestel word ook nie kan implementeer nie.

Artikel 3

Artikel 3 van die wet plaas 'n beperking dat niemand 'n vuurwapen mag besit nie behalwe met 'n permit, lisensie of magtiging. Hier word subartikel 2 (wat handel met voorlaaiers) geskrap en dit is sinvol omdat 'n voorlaaier nou ingesluit is in die definisie van 'n vuurwapen.

Artikel 4

Artikel 4 van die wet handel met verbode vuurwapens.

Toestelle en ammunisie word nou by hierdie subartikel gevoeg. Hierdie artikel handel dus met verbode wapens, toestelle en ammunisie.

In hierdie artikel word die volgende toegevoeg

(c) by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph
(a) any fully automatic firearm, or a device or conversion kit to convert a semi-automatic firearm to a fully automatic firearm

Kommentaar: *Die wysiging van Artikel 4 van die wet kom kortliks daarop neer dat daar voorsiening gemaak word vir 'n verbod op outomatiese of semi-outomatiese vuurwapens. Daar is bestaande "conversion kits" vir bv. Glock-pistole waar 'n mens net die Glock-pistool se handstuk in hierdie "kit" insit en dit omskakel in 'n outomatiese vuurwapen. Hierdie toestelle sal verbied word.*

Verder is daar 'n verbod op die besit van enige namaaksels van verbode wapens, of gedeaktiveerde beperkte of verbode vuurwapens. Dink aan die implikasies van speelgoedwapens, m.a.w. geen speelgoedwapens wat soos 'n verbode outomatiese vuurwapen lyk nie, selfs nie eers gedeaktiveerde outomatiese wapens nie.

Subartikel **(g) "the minister may by notice in the Gazette declare any specified type of ammunition to be prohibited ammunition which may not be possessed in terms of this act if it is**

(i) in the interest of public safety
(ii) desirable for the maintenance of law and order or
(iii) to ensure the safety of law enforcement officials".

Kommentaar: *Hier word 'n blanko reg aan die Minister verleen om enige tipe ammunisie te verbied, sonder enige motivering daartoe. Waarom sou sekere ammunisie verbied moet word? Jagters, sportskuts en selfs diegene wat wapens dra vir selfbeskerming kan sekerlik self besluit watter ammunisie die beste werk in gegewe omstandighede.*

Artikel 6

Artikel 6 van die wet handel met bevoegdheid en lisensies. Die wet soos dit tans lees verskaf ‘n hele lys van vereistes waaraan voldoen moet word voordat ‘n persoon bevoeg verklaar kan word en bepaal dan ook dat geen lisensie aan ‘n persoon uitgereik kan word indien hy/sy nie bevoeg is nie. Die vereistes waaraan voldoen moet word om bevoeg verklaar te word, is in detail uitgespel in Artikel 9 van die wet.

Hier word nou skielik verdere vereistes toegevoeg alvorens bevoegdheid uitgereik kan word en hierdie addisionele vereistes is van toepassing slegs op persone tussen die ouderdom 18 en 21 jaar. Die spesifieke dele lees soos volg:

"(1A) Despite subsection (1)(b), the Registrar may issue a competency certificate, licence, permit, or authorisation contemplated in this Act to an applicant who is between the age of 18 years and 21 years if there are compelling reasons as contemplated in section 9(5)(b).

(1B) If a person contemplated in subsection (1A) is an applicant for a firearm licence, permit or authorisation, such applicant must have been constantly supervised for a period of 12 months on the use and handling of a firearm by a person who is over the age of 21 years and who has held a licence for a similar type of firearm for a period of at least three years.

(1C) The applicant contemplated in subsection (1A) must furnish an affidavit from the supervisor contemplated in subsection (1B) confirming that the applicant has been provided with the supervision on the use and handling of a firearm.

(1D) Any person who provides false information in respect of the supervision contemplated in subsection (1B) and (1C) is guilty of an offence."

Kommentaar: *Hier word die beginsel gevestig dat bevoegdheid slegs met spesiale magtiging uitgereik sal word aan persone jonger as 21 maar ouer as 18 jaar indien aan hierdie spesiale voorwaardes voldoen word. Die realiteit is dat die individue jonger as 18 jaar wat wel uitstekend jag of skiet slegs saam met en onder direkte toesig van ‘n ouer aan hierdie aktiwiteite mag deelneem. Daar behoort voorsiening getref te word vir individue so jonk as 16 jaar om bevoeg verklaar te word in omstandighede waar dit sinvol mag wees.*

Hierdie toevoeging hoort eerder tuis in Artikel 9 van die wet wat al die vereistes vir bevoegdheid uitspel.

Artikel 7

Artikel 7 handel met die aansoeke van entiteite anders as natuurlike persone – dus maatskappye of ander regsentiteite. Sodanige persone moet ‘n natuurlike persoon nomineer aan wie die bevoegdheid of lisensie uitgereik sal word.

> **"(1A) The natural person nominated in terms of subsection (1) must hold an executive or managerial position in the juristic person.'**

Kommentaar: *Hier word nou vereis dat die natuurlike persoon (namens die regspersoon) aan wie ‘n lisensie uitgereik mag word, ‘n uitvoerende of bestuurspos moet beklee.*

Artikel 8

Artikel 8 van die wet handel met die akkreditasie van verskillende entiteite soos jagtersverenigings, sportskietorganisasies, handelaars, wapensmede ens. Die SVR het hierdie gedeelte van die wet baie swak geïmplementeer. Akkreditasie is tans ‘n papiergedrewe oefening. Wanneer genoeg van die regte dokumente verskaf word, word akkreditasie toegestaan.

Met die aanvanklike inwerkingstelling van die wet, het die kollektiewe geakkrediteerde jagtersverenigings in 2006 ‘n ooreenkoms met die destydse Minister aangegaan dat geakkrediteerde verenigings ‘n endossement aan hulle lede sal uitreik wat bevestig dat die wapen waarvoor om ’n lisensie aansoek gedoen word, inderdaad geskik is vir die doel soos aangedui.

Die voorgestelde wysiging aan artikel 8, maak soos volg voorsiening vir die beginsels van hierdie ooreenkoms:

"(7) The chairperson or an authorised office bearer of an association or organisation accredited in terms of this Act must, with regard to an application by its member for a licence to possess a firearm for—

(a) dedicated sports shooting;
(b) dedicated hunting; or
(c) professional hunting.

in the prescribed manner, verify the application made by such member of that association regarding the use, purpose and category of the firearm applied for, including the motivation for the application or any other part of the application.

(8) The Registrar must take into account the verification by the accredited association or organisation when considering the application referred to in subsection (7), by a member of that association.

(9) The Registrar may independently verify any information supplied by the chairperson or an authorised office bearer of the accredited association or organisation.

(10) The Registrar may refuse the application on good cause in which case the Registrar must notify the applicant in writing of such refusal and include reasons for the refusal, within 30 days of the said refusal."

Kommentaar: *Hier word die voorsiening van 'n endossement nou skielik 'n verdere vereiste vir 'n lisensieaansoek vir 'n Toegewyde Jagter, Toegewyde Sportskut en Professionele Jagter. Verder word die formaat van die endossement ook voorgeskryf (sonder om enige detail daaroor te verskaf), en dat die Registrateur die endossement in ag moet neem by oorweging van die aansoek maar steeds die aansoek kan afkeur.*

Hierdie wysiging sal waarskynlik beter tuishoort in artikels 15, 16 en 16A van die wet as in Artikel 8.

In praktyk vereis die Polisie reeds endossemente vir aansoeke vir alle wapens sonder dat die wet voorsien daarvoor. Nou word dit skielik net vir toegewyde jag, sportskiet en professionele jag vereis.

Artikel 9

Artikel 9 van die wet handel met aansoeke vir bevoegdheidsertifikate en word nou gewysig om aansoek vir bevoegdheid by te voeg vir die handeldryf in ammunisie, vervaardiging van ammunisie, en om as toegewyde jagter of sportskut of professionele jagter verklaar te word. Die bewoording lees soos volg:

"(1) An application for a competency certificate to possess a firearm, to possess a muzzle loading firearm, to trade in firearms and ammunition, to manufacture firearms or ammunition, to be a dedicated hunter, to be a dedicated sports person, to be a professional hunter or to carry on business as a gunsmith, must be delivered to the Designated Firearms Officer responsible for the area in which the applicant ordinarily resides or in which the applicant's business is or [will] shall be situated, as the case may be.";

Kommentaar: *Daar word geen materiële rede verskaf waarom 'n toegewyde jagter, sportskut of professionele jagter nou addisionele bevoegdheid moet bekom nie. Hulle is bloot eienaars van wapens soos enige ander eienaar. Hulle mag dalk meer wapens benodig maar daar is geen rede waarom die bevoegdheid skielik 'n ander of nuwe hekkie moet wees waaroor gespring word nie.*

Die bevoegdheid om ammunisie te vervaardig mag 'n nuwe vereiste wees vir herlaaiers. Sou dit slegs gefokus wees op kommersiële vervaardiging van ammunisie mag dit dalk nog sin maak maar weer eens al die herlaaiers is in elk geval wapeneienaars wat vir praktiese redes herlaai omdat dit goedkoper is om self ammunisie te laai en omdat die presisie of akkuraatheid van selfgelaaide ammunisie beter is as dié van ammunisie wat kommersieel beskikbaar is.

'n Verdere wysiging voorsien dat bevoegdheid slegs uitgereik sal kan word aan persone jonger as 21 jaar maar 18 jaar of ouer vir goeie redes. Hierdie hang ook saam met die uitreik van lisensies aan persone jonger as 21 jaar maar 18 jaar of ouer. Die enigste redes wat aanvaar sal word, is dat die persoon werk vir 'n inkomste, 'n onderneming bedryf, of 'n toegewyde jagter of sportskut is.

Dan word subartikels 7, 8 en 9 bygevoeg wat soos volg lees:

"(7) If there is an interim protection order in force in terms of the Domestic Violence Act, 1998 (Act No. 116 of 1998), or the Protection from Harassment Act, 2011 (Act No. 17 of 2011), at the time of the making of the application for a competency certificate or during the consideration of the application, the Registrar may, depending on the nature of the particular order sought, suspend the processing of the application pending the final determination of the interim protection order.

(8) (a) The applicant must disclose to the Registrar any interim protection order served on him or her during the period referred to in subsection (7); and

(b) The applicant who fails to disclose to the Registrar any interim protection order served on him or her during the period referred to in subsection (7) is guilty of an offence.

(9) A competency certificate may not be issued to any person who had been—

(a) convicted of any offence that has an element of violence; or

(b) sentenced to imprisonment without the option of a fine.".

Kommentaar: *Hier word voorsien dat individue wat skuldig bevind is aan sekere oortredings en teen wie tussentydse bevele uitgereik is weens die gebruik van geweld en gesinsgeweld, nie bevoeg verklaar sal word om enige vuurwapen te besit nie. Alhoewel daar nie fout te vinde is met hierdie spesifieke bepalings nie maak dit die lys van vereistes vir bevoegdheid aansienlik langer.*

Artikel 10

Artikel 10 handel met bevoegdheidsertifikate en die tipe bevoegdheidsertifikate wat benodig word. Hierdie wysigings hoort by die wysigings vir Artikel 9.

Tans maak die wet voorsiening vir bevoegdheidsertifikate vir die besit van vuurwapens, handel in vuurwapens, vervaardiging van vuurwapens en om as wapensmid sake te bedryf. Nou word **addisionele kategorieë** van bevoegdheid voorsien vir **Toegewyde Sportskuts, Toegewyde Jagters en Professionele Jagters**. Hierdie bevoegdheidsertifikate sal **vir hoogstens 5 jaar van die datum waarop dit uitgereik is geldig wees**.

Kommentaar: *In hierdie geval word die vervaardiging van ammunisie nie as afsonderlike kategorie beskou nie en is daar dus 'n verskil tussen die kategorieë hier voorsien en dié in Artikel 9. Die wet lees tans dat die bevoegdheidsertifikaat geldig is solank daar 'n geldige lisensie vir die betrokke tipe wapen is. Die polisie pas die praktyk toe asof bevoegdheidsertifikate vir 5 of 10 jaar geldig is. (5 Jaar vir self verdedigingswapens en 10 jaar vir jag en sportskiet wapens.) Dit is reeds 'n eensydige wysiging wat die Polisie sommer net begin gebruik het sonder om 'n wysiging in die wet aan te bring.*

Die verkorting van die leeftyd van 'n bevoegdheidsertifikaat van 10 jaar vir Artikel 15 en 16 vuurwapens na 5 jaar sal die administratiewe las op die Polisie verdubbel om elke 5 jaar bevoegdheidsertifikate uit te reik. Die Polisie kan nie eers die huidige las baasraak nie en die wagtyd vir hernuwing van bevoegdheidsertifikate is reeds 12 maande of langer. Hierdie wysiging sal bloot die wagtyd verleng.

Artikel 10 A

Artikel 10A handel met die hernuwing van bevoegdheidsertifikate. Die wet bepaal tans dat die aansoek vir hernuwing van 'n bevoegdheidsertifikaat saam met 'n aansoek vir hernuwing van die betrokke tipe lisensie ingehandig moet word.

Die voorgestelde wysiging bepaal dat 'n aansoek om hernuwing van 'n bevoegdheidsertifikaat minstens 90 dae voordat die bestaande bevoegdheidsertifikaat verval, gedoen moet word.

Kommentaar: *Die Polisie kan kwalik die las van hernuwing van bevoegdheidsertifikate nou dra. Die gemiddelde wagtydperk vir uitreik van 'n nuwe bevoegdheid of hernuwing van bevoegdheid is 1 jaar en dalk selfs langer. Hoe hulle die hernuwing van alle bevoegdheidsertifikate elke 5 jaar gaan kan hanteer, bly 'n ope vraag.*

Artikel 11A

‘n Nuwe artikel 11A word ingevoeg in die wet en maak voorsiening vir die verskaffing van redes waarom ‘n vuurwapenlisensie benodig word. Die konsep is algemeen bekend as die motivering vir die lisensie. Die voorgestelde Artikel 11A lees soos volg:

11A. (1) The Registrar may not issue a licence that authorises the possession of a firearm unless the Registrar is satisfied that the applicant has a valid reason for possessing the firearm in line with the provisions of this Act.

(2) The Registrar may only issue a licence in terms of this Act if the applicant—

(a) states that he or she intends to possess the firearm for any one or more of the reasons set out in this Chapter; and

(b) provides written proof and evidence to the satisfaction of the Registrar in relation to the requirements set out in this Chapter and as prescribed for acquiring a firearm licence under this Act."

Kommentaar: *Hierdie wysiging verplig die spesifieke motivering vir elke vuurwapenlisensie. Dit verbied ook die Registrateur om ‘n lisensie uit te reik indien die motivering vir die besit van ‘n wapen nie ooreenstem met die spesifieke vereistes in die wet nie. Die spesifiek vereistes wat van toepassing is, word uitgespel in Artikels 15, 16 en 16A. Dit is ook belangrik dat skriftelike bewys van die betrokke redes vir die besit van ‘n lisensie vereis word.*

Artikel 12:

Artikel 12 van die wet handel met addisionele lisensies vir een vuurwapen. Soos die wet nou lees maak dit voorsiening daarvoor dat meerdere persone wat op dieselfde perseel woonagtig is aansoek mag doen vir ‘n lisensie vir dieselfde vuurwapen.

Hierdie artikel word nou gewysig om te vereis dat slegs **familielede** wat in dieselfde huishouding woon mag aansoek doen vir ‘n addisionele lisensie vir dieselfde wapen. Wanneer die familielede nie meer in dieselfde huishouding woon nie moet die addisionele lisensie wat vir die betrokke wapen uitgereik is aan die Polisie oorhandig word.

Kommentaar: *Hierdie wysigings maak voorsiening dat addisionele lisensies slegs uitgereik word aan ‘n familielid wat in dieselfde huishouding woon, en nie aan enige persoon wat op dieselfde perseel bly nie. Die beginsel hier ter sprake: As ek getroud is en ons bly in dieselfde huis, mag my vrou ‘n addisionele lisensie kry. As ons nie getroud is nie maar sy bly saam met my in dieselfde huis, word sy nie as ‘n familielid beskou nie en sal sy dus nie ‘n lisensie kan kry nie.*

Artikel 13.

Artikel 13 van die Wet soos dit nou staan maak voorsiening vir die uitreik van lisensies vir selfverdediging. Dit word voorgestel dat hierdie artikel in geheel geskrap word. Daar sal dus geen lisensies vir selfverdediging uitgereik word nie en selfverdediging sal nie as motivering vir enige wapenlisensie aanvaar word nie.

Kommentaar: *Die skrap van selfverdediging as motivering is die een onderwerp wat die meeste emosie en grootste reaksie veroorsaak het, en met goeie reg. TLU Suid-Afrika het gedetailleerde statistiek beskikbaar wat wys dat daar vir die laaste 25 jaar, ongeveer elke tweede dag ‘n plaasaanval is en gemiddeld een keer per week iemand in ‘n plaasaanval vermoor word. Die staat wil die vermoë van mense wat wapens vir selfverdediging aanhou doodgewoon skrap, wat sal beteken dat alle inwoners in die land wat blootgestel word aan gewelddadige aanvalle met of sonder vuurwapens hulleself glad nie sal kan verdedig nie, bloot omdat hulle nie vuurwapenlisensies sal kry daarvoor nie*.

Artikel 14

Artikel 14 van die Wet maak voorsiening daarvoor dat ‘n beperkte vuurwapen (semi-outomatiese geweer of haelgeweer) vir selfverdediging aangehou kan word.

Kommentaar: Hierdie artikel word ook in geheel geskrap. Geen beperkte vuurwapens (semi-outomatiese geweer of haelgeweer) sal vir selfverdediging lisensieer mag word nie.

Artikel 15

Artikel 15 maak voorsiening vir vuurwapenlisensies wat uitgereik word vir geleentheidsjag of sportskiet. Die wysiging wat nou voorgestel word, is dat só ‘n lisensie slegs uitgereik sal word vir geleentheidsjag of sportskiet indien die applikant die eienaar of wettige bewoner is van ‘n eiendom waar jag of sportskiet per geleentheid plaasvind, of waar die applikant skriftelik ‘n bewys kan lewer van toestemming van die eienaar of wettige bewoner van ‘n eiendom waar daar gejag of aan sportskiet deelgeneem word. Die spesifieke bewoording lees soos volg:

"(2A) The firearm licence for occasional hunting or occasional sport-shooting purposes may only be issued if the applicant—

(a) is the owner or lawful occupier of property where occasional hunting or occasional sport-shooting shall take place; or

(b) produces documentary proof of permission by the owner or lawful occupier of property referred to in paragraph (a), to engage in occasional hunting or occasional sport-shooting on the said property."

Die beperking op die aantal wapens vir geleentheidsjag en sportskiet is tans hoogstens 4 vuurwapens. Dit bly dieselfde.

Kommentaar: *Hierdie voorgestelde wysiging beteken by implikasie dat enige individu wat vir ‘n lisensie wil aansoek doen, ’n bewys van die ‘n skietbaan of by grondeienaar of wettige bewoner moet kry dat hy daar mag gaan skiet of gaan jag, alvorens ‘n lisensie uitgereik sal word. Dis ‘n onnodige belemmering hierdie en dit is totaal dwaas. SA Jagters het net meer as 44 000 lede waarvan 65% in Gauteng in een van die megastede woonagtig is. Nie een van hierdie lede sal tegnies sonder so ‘n skrywe kan aansoek doen vir ‘n lisensie nie.*

Artikel 16

Artikel 16 handel met vuurwapens vir toegewyde jag of sportskiet. In hierdie geval word verskeie wysigings voorgestel. Tans kan Artikel 16 lisensies uitgereik word vir semi-outomatiese handwapens gewere en haelgewere. Hierdie voorsiening word gewysig na handwapens, gewere en haelgewere wat nie **verbode** mag wees nie. Semi-outomatiese wapens sal in ek geval beperkte wapens wees en daar moet verwag word dat lisensies hiervoor nie maklik verkry sal word nie..

Daar word verder vereis dat ‘n lid se toegewyde status slegs erken sal word indien hy vir minstens die 24 voorafgaande maande aan die vereistes voldoen en toegewyde status behou het. Daar word ‘n beperking van hoogstens 6 wapens geplaas op toegewyde jagters en sportskuts waarvan nie meer as twee handwapens of semi-outomatiese wapens of pompaksie haelgewere mag wees nie. ‘n Semi-outomatiese geweer of haelgeweer sal slegs gelisensieer word aan ‘n persoon wat vir minstens twee jaar toegewyde status behou het. Só ‘n aansoek moet ‘n motivering bevat wat aan die volgende vereistes moet voldoen:

The Registrar may issue a licence in terms of this section to any natural person who is a dedicated hunter or dedicated sports person if the application is accompanied by a sworn statement or solemn declaration from the chairperson of an accredited hunting association or sports-shooting organisation, or someone delegated in writing by him or her, stating that the applicant—

(a) is a registered member of that association;

(b) has actively participated in hunting or shooting events of the association; and

(c) has, during the preceding period of 24 months, complied with requirements of being awarded with a dedicated hunter or dedicated sports person status as prescribed."; and

(e) by the addition of the following subsections:

"(5) A person may not hold more than six licences in terms of this section.

(6) A person issued with a licence in terms of this section may not hold more than two licences each in respect of a—

(a) handgun;

(b) semi-automatic rifle; or

(c) pump action or semi-automatic shotgun, for dedicated hunting or a dedicated sports-shooting.

(7) A semi-automatic rifle or a semi-automatic shotgun may only be registered in terms of this section to a person who has maintained a dedicated status as a hunter or sports-shooter for a period of at least two years and continues to maintain such a dedicated status.

(8) Any application for a licence under this section must be accompanied by a written motivation containing at least the following information—

(a) the needs of the dedicated hunter or dedicated sports shooter;

(b) the type of firearm required;

(c) the shooting disciplines that the applicant is involved in; and

(d) such other information as may be prescribed.

(9) The motivation contemplated in subsection (8) must be supported by the chairperson or authorised office bearer of the relevant hunting association or sports-shooting organisation, as the case may be.

(10) Where a licence holder under this section ceases to hold the status as dedicated hunter or dedicated sports-shooter, the licence holder must, in writing, notify the Registrar of such cessation within 30 days of ceasing to hold such status, and the Registrar must follow the process in section 28 for the cancellation of the licence.

(11) Any failure by the holder to comply with the provisions of subsection (10) constitutes an offence.

(12) The association or organisation which has granted dedicated status to the member involved must, at the end of the association's year, provide a report in the prescribed manner to the Registrar on all its members who have—

(a) not renewed their membership;

(b) had their membership suspended;

(c) failed to comply with the requirements for awarding dedicated hunter or sport shooter status; and

(d) been expelled from the association.

(13) If a person issued with a licence in terms of this section holds any other licence contemplated in sections 12, 15 and 16A, the number of licences which that person may hold in terms of this section must be reduced by the number of such other licences held.".

Kommentaar: *Hierdie voorgestelde wysigings skep meerdere vereistes om as toegewyde jagter of sportskut vir 'n lisensie aansoek te doen. Die volgende is waarskynlik die belangrikste:*

- *Die individu moet vir minstens die voorafgaande 24 maande 'n toegewyde jagter of sportskut wees en die status handhaaf*
- *Moes aktief deelneem aan jag en sportskietgeleenthede aangebied deur die vereniging.*
- *Mag nie meer as 6 vuurwapenlisensies hê nie*
- *Mag nie meer as twee lisensies hê vir handwapens, semi-outomatiese gewere of haelgewere of pompaksie haelgewere nie.*
- *Slegs 'n toegewyde jagter of sportskut wat vir minstens twee jaar toegewyde status gehandhaaf het, sal 'n lisensie vir 'n semi-outomatiese wapen mag kry.*

- *Moet 'n motivering indien wat die behoefte aandui, die tipe vuurwapen wat daarvoor vereis word, die skietdissiplines waaraan die individu sal deelneem, en enige ander inligting wat die registrateur vereis.*
- *Moet 'n endossement insluit van die vereniging wat die aansoek onderskryf.*
- *Moet die registrateur in kennis stel indien hy/sy toegewyde status verloor het waarna die Registrateur die voorskrifte van Artikel 28 volg om die lisensies te kanselleer.*

Hierdie wysiging plaas aansienlik meer verpligtings op toegewyde jagters en sportskuts om bloot twee meer vuurwapens te kan besit. Die voorgestelde wysigings maak ook in sommige opsigte geen sin nie. Verenigings mag sportskietgeleenthede reël maar reël normaalweg geen jaggeleenthede nie. Jag word in bykans alle gevalle individueel gedoen. Indien die toegewyde jagter nie sy status behou nie sal die Registrateur al die lisensies kanselleer. Dit kan nie gewysig word na lisensies vir geleentheidsjag of sportskiet nie.

Artikel 16A

Hierdie artikel handel met professionele jagters en hulle vuurwapenslisensies. Presies dieselfde beperkings en vereistes as in die geval van toegewyde jagters en sportskuts geld vir beroepsjagters met slegs die voorsiening dat beroepsjagters hoogstens 8 vuurwapens mag besit.

Artikel 17 en 18

Artikel 17 wat voorsiening maak vir die hou van vuurwapens in private versameling, word in geheel geskrap. Artikel 18 maak voorsiening vir private versameling van ammunisie en word ook in geheel geskrap.

Kommentaar: *Daar is net meer as 2 000 versamelaars wat verskillende versamelings van vuurwapens en ammunisie hou met 'n beraamde waarde van meer as R750 miljoen. Geen museums in RSA hou sulke volledige versamelings van vuurwapens aan soos al die versamelaars gesamentlik nie. Hierdie sluit dus artefakte in wat nêrens elders beskikbaar is nie. Die gesamentlike versamelings gehou deur private versamelaars is inderwaarheid 'n nasionale skat wat deur individue bewaar word. Dit sou dwaas wees om dit te vernietig. Sou hierdie artikels geskrap word raak die private versamelings skielik totaal waardeloos.*

Artikel 20

Artikel 20 handel met die uitreik van lisensies aan sake-ondernemings soos sekuriteitsfirmas en sluit ook opleiers, verenigings en jagondernemers in.

Kommentaar: *Alhoewel dit mag voorkom of SA Jagters dalk nie direk belang hierby het nie is dit tog belangrik dat ons in hierdie geval onthou dat alle opleiers in wapenvaardigheid (soos SA Hunt Training (Edms) Bpk) ook hierdeur geraak word. Die voorgestelde wysiging plaas aansienlike verdere beperkings op hierdie ondernemings en dit wil voorkom of hierdie sektor doelbewus ingeperk word. Hierdie inperkings is egter ook van toepassing op opleidingsinstansies en verenigings wat in eie reg ook wapens besit.*

Artikel 20 A, B, C, D

Hierdie is nuwe toevoeging tot die bestaande wet en maak voorsiening vir die skep van 'n konsultasieforum tussen die Sentrale Vuurwapenregister, die private sekuriteitsektorowerheid (PSIRA).

Kommentaar: *Hier word voorsiening gemaak dat die SVR en PSIRA kwartaalliks konsultasieforum vergaderings hou om sake van belang te bespeek. Dit is krities belangrik om kennis te neem dat die organisasies wat direk geraak word (jagters en sportskuts en hulle geakkrediteerde vereniging)s* ***uitgesluit*** *word van hierdie forum.*

Die SAPS/Jagters konsultasieforum het sedert 2006 bestaan, maar die vergaderings het in 2019 oodgeloop nadat die SVR versuim het om dit by te woon. Derhalwe, vind geen konsultasie met die verteenwoordigende organisasies van vuurwapeneienaars plaas nie.

Daar behoort voorsiening gemaak te word vir konsultasieforums tussen die Polisie, Sentrale Vuurwapenregister, geakkrediteerde jagtersverenigings, geakkrediteerde sportskietverenigings

en opleiers in die bedryf, jagondernemings en sekuriteitsmaatskappye. Daar behoort eksplisiete konsultasie te wees met verteenwoordigers van alle vuurwapeneienaargroepe om praktiese probleme met die implementering van die wet uit te klaar en op te los.

Artikel 21

Artikel 21 handel met tydelike permitte om vuurwapens te besit. Tans is daar geen beperkings op aan wie permitte uitgereik mag word nie. In die voorgestelde wysiging word die uitreik van tydelike besitpermitte skielik beperk na slegs die eksekuteur in ‘n bestorwe boedel.

Kommentaar: *Die skrap van moontlike gebruik van tydelike permitte kan massiewe probleme vir die Polisie meebring. Daar is ongeveer 500 000 ou lisensies wat steeds geldig is. Een van die moontlike wyses waarop hierdie lisensies vervang en geldig gehou kan word, is om tydelike permitte aan daardie wapeneienaars uit te reik. Sou hierdie artikel geskrap word sal dit nie moontlik wees nie.*

Artikel 22

Artikel 22 handel met die gebruik van ‘n vuurwapen deur ‘n ander persoon onder die toesig van die lisensiehouer.

Kommentaar: *Hier word ‘n addisionele beperking ingestel dat slegs persone ouer as 16 jaar met die eienaar se toestemming die vuurwapen mag gebruik. Dit sal beteken dat geen kinders jonger as 16 jaar toegelaat mag word om vuurwapens te gebruik of aan jag of sportskiet sal kan deelneem nie.*

Hierdie wysiging plaas ‘n materiële inperking op die reg van kinders onder die ouderdom van 16. Dit word redelik algemeen gevind dat kinders so jonk as 10 jaar oud aktief begin jag en ook deelneem aan sportskiet. By verskeie geleenthede het kinders so jonk as 11 jaar byvoorbeeld reeds streeksportskietbyeenkomste van SA Jagters gewen. SA Jagters bied aktiewe sportskietkampioenskappe aan vir kinders in die ouderdomsgroep jonger as 13 en dan ook tussen 13 en 18 jaar, bo en behalwe die ope kampioenskap waaraan alle volwassenes deelneem en wat geen ouderdomsbeperking plaas op die deelname van kinders nie.

Artikel 23A

Daar word voorsiening gemaak vir die ballistiese toetsing van alle vuurwapens in Art 23A wat as ‘n nuwe artikel tot die wet gevoeg word. Die Minister sal ‘n program publiseer ingevolge waarvan alle wapens ingehandig moet word met ‘n patroon om die ballistiese toetsing te doen. Sou ‘n patroon nie beskikbaar wees nie, sal die staat een verskaf waar moontlik.

Kommentaar: *Die forensiese afdeling van die Polisie doen reeds ballistiese toetse van vuurwapens wat met kriminele sake verbind word. Die bestaande IBIS-databasis bewaar alreeds ballistiese data. Hierdie stelsel van die Polisie funksioneer nie omdat die lisensiefooie daarvoor nie betaal is nie. Dit is ‘n ope vraag hoe die Polisie ‘n verdere ongeveer 5 miljoen vuurwapens sal kan toets en data insamel en bewaar. Wat sal gebeur indien daar nie patrone beskikbaar is vir ‘n wapen om te toets nie en die staat dit ook nie kan verskaf nie?*

Verdermeer is daar baie min wapeneienaars wat werklik bereid sal wees om enige vuurwapen vir ‘n onbepaalde tyd by die polisie in te handig om hierdie ballistiese toets te doen. Die Polisie word doodgewoon net nie vertrou nie.

Artikel 24

Hierdie artikel handel met die hernuwing van vuurwapenlisensies en maak voorsiening vir die hef van ‘n administratiewe boete indien die aansoeker later as 90 dae voordat die lisensie verval maar wel voor die vervaldatum ‘n hernuwingsaansoek indien.

Kommentaar: *Die wet maak reeds voorsiening vir die laat indien van ‘n aansoek met goeie rede maar die Polisie weier om enige sodanige aansoek te ontvang. Net so word daar reeds in die wet voorsiening gemaak vir administratiewe boetes. Die Polisie ontvang nou daagliks reeds aansoek na die 90 dae tydperk verstryk het sonder enige boetes. Hierdie “laat aansoeke” word baie dikwels gedryf deur die Polisie self wat byvoorbeeld op afsprake werk en nie lede van die*

publiek kan akkommodeer binne die voorgeskrewe tydperke nie. Om nou skielik boetes te hef wanneer die Polisie nie die kapasiteit het om die aansoeke betyds te ontvang nie is bloot onbillik.

Artikel 25

Hierdie artikel handel met die kennisgewing van adresveranderings en maak daarvoor voorsiening dat die Polisie binne 30 dae na die kennisgewing ontvang is, skriftelik **of per SMS** ontvangs moet erken.

Artikel 26

Hierdie artikel handel met die kennisgewing van omstandighede en maak voorsiening daarvoor dat die Polisie binne 30 dae na die kennisgewing ontvang is, skriftelik **of per SMS** ontvangs moet erken.

Artikel 27

Hierdie artikel handel met ŉ lisensie se geldigheidsperiode voordat dit hernu word. Hier word die wysiging voorgestel dat alle lisensies vir slegs 5 jaar geldig sal wees, behalwe ‘n lisensie vir besigheidsgebruik wat slegs vir 2 jaar geldig sal wees.

Kommentaar: *Hierdie is ‘n totaal sinnelose voorstel. Alle jag- en sportskietwapens se lisensies (Artikel 15 en 16 lisensies) is tans reeds vir 10 jaar geldig. Wapens vir selfverdediging se lisensies (Artikel 13 en 14) is slegs vir 5 jaar geldig. Die lisensies van vuurwapens in ondernemings as ‘n wildboer en vir jag (artikel 20) is ook 10 jaar geldig. Die Polisie kan nou reeds nie die werkslas hanteer van lisensiehernuwings nie. Hulle werk gaan bloot verdubbel indien die geldigheidsperiode van alle lisensies na 5 jaar verkort word.*

Artikel 28

Hierdie artikel handel met die kansellasie van ‘n lisensie en maak voorsiening daarvoor dat ‘n lisensie gekanselleer word wanneer dit verval en daar nie betyds aansoek gedoen word vir ‘n hernuwing van die lisensie nie. Die wet bepaal reeds dat die lisensiehouer 60 dae tyd het om van die wapen ontslae te raak. Daar word nou bygevoeg dat dit gedoen kan word deur:

- Die wapen in te handig vir vernietiging
- Deur ‘n handelaar
- Die wapen te deaktiveer

Daar word ook vereis dat die wapen in alle gevalle eers ballisties getoets moet word voordat die lisensiehouer daarvan ontslae raak.

Kommentaar: *Die feit dat daar minstens die alternatief geskep word om deur ‘n handelaar van die wapen ontslae te raak bring minstens sekerheid dat dit gedoen kan word. Tans weier die Polisie die verkoop van ‘n wapen waarvan die lisensie verval het. Die ballistiese toetsing van al hierdie wapens is egter ook sinneloos, bloot omdat dit in elk geval wapens is wat wettig gehou word met lisensies wat bloot net verval het en nie betyds hernu is nie. Daar is reeds ongeveer 500 000 wapens waarvan die lisensies verval het en waarvan op hierdie wyse ontslae geraak sal moet word. Die Polisie het bloot nie die kapasiteit om elkeen van hierdie wapens ballisties te toets nie. Die publiek vertrou ook nie die Polisie om enige wapens in te handig vir ‘n onbepaalde tyd nie.*

Artikel 31

Hierdie artikel maak voorsiening daarvoor dat slegs ‘n handelaar wapens mag verkoop.

Kommentaar: *elke lisensiehouer mag in ‘n private transaksie sy/haar wapen verkoop. Daar is in praktyk geen belemmering op so ‘n transaksie nie en sulke lisensie-oordragte word gereeld gedoen. Hierdie artikel behoort voorsiening te maak vir die private verhandeling van vuurwapens tussen individue.*

Artikel 35

Hierdie artikel handel met die hernuwing van handelaarslisensies. Handelaars moet ook aansoek doen vir hernuwing van hulle lisensies 90 dae voordat die lisensie verval. In hierdie

wysiging word voorsiening gemaak dat sodanige aansoek later as 90 dae voor die verval van die lisensie gedoen kan word met die hef van ‘n administratiewe boete.

Kommentaar: *Die Polisie se kapasiteit om ook handelaarslisensies te hernu is beperk en dit is geensins vreemd dat ook hierdie lisensies baie laat hernu word nie. Hierdie voorgestelde wysiging maak nie sin nie.*

Artikel 38

Hierdie artikel handel met die kennisgewing van verandering van omstandighede van handelaar en maak voorsiening daarvoor dat die Polisie binne 30 dae na ontvangs van die kennisgewing skriftelik **of per SMS** ontvangs moet erken.

Kommentaar: *Daar is nou verskeie gevalle waar die Polisie ontvangs van kennisgewings per SMS moet of kan erken. Die Polisie gebruik reeds SMS kennisgewings. Die probleem is egter dat daar soms SMS kennisgewings uitgestuur word en ander kere glad nie. Klaarblyklik het die SVR slegs ‘n bepaalde bedrag beskikbaar om data te koop om SMS’e te stuur en wanneer die geld vir die maand op is dan word geen verdere SMS’e gestuur nie.*

Artikel 45

Hierdie artikel handel met die vervaardiging van vuurwapens en ammunisie en verbied die vervaardiging van vuurwapens **en ammunisie** deur enige persoon wat nie ‘n vervaardigerslisensie het nie. Hier word voorgestel dat die artikel gewysig word deur die volgende subartikel toe te voeg.

“(3) It is an offence for any person, except the manufacturer of ammunition to be in possession of equipment designed and manufactured to reload ammunition”.

Kommentaar: *Alhoewel die fokus van hierdie wysiging van die wet waarskynlik bedoel is vir kommersiële vervaardigers van ammunisie mag dit onbedoelde gevolge hê. Duisende herlaaiers gaan benadeel word deur hierdie subartikel. Jagters en sportskuts herlaai patrone vir twee redes. Die eerste is koste. Selfherlaaide patrone is baie goedkoper as om vervaardigde en veral ingevoerde patrone aan te koop. Die tweede rede is ter wille van presisie en akkuraatheid. Selfherlaaide patrone skiet net baie meer akkuraat as aangekoopte patrone. Om die blote besit van herlaaitoerusting ‘n oortreding van die wet te maak gaan letterlik duisende herlaaiers oornag verkriminaliseer.*

Artikel 49

Hierdie artikel handel met die hernuwing van ‘n vervaardigerslisensie en maak voorsiening vir die laat aansoek vir hernuwing van sodanige lisensie met die hef van ‘n administratiewe boete.

Artikel 52

Hierdie artikel handel met die kennisgewing van verandering van omstandighede van vervaardiger en maak voorsiening daarvoor dat die Polisie binne 30 dae na ontvangs van die kennisgewing skriftelik **of per SMS** ontvangs moet erken..

Artikel 63

Hierdie artikel handel met die hernuwing van ‘n wapensmid se lisensie en maak voorsiening vir die laat aansoek doen vir hernuwing van sodanige lisensie met die hef van ‘n administratiewe boete.

Artikel 66

Hierdie artikel handel met die kennisgewing van verandering van omstandighede van ‘n wapensmid en maak voorsiening daarvoor dat die Polisie binne 30 dae na ontvangs van die kennisgewing skriftelik **of per SMS** ontvangs moet erken.

Verandering van Opskrif van Hoofstuk 8 van die Wet

Die konsepwysigingswet maak voorsiening daarvoor dat die opskrif van Hoofstuk 8 van die wet gewysig word om nie net invoer, uitvoer, en in transito vervoer van wapens en ammunisie aan te spreek nie maar ook die gewone **vervoer van wapens en ammunisie.**

Artikel 73

Hierdie artikel handel met die in- en uitvoer en die vervoer van wapens. In die wysiging word voorgestel dat die registrateur ‘n beperking kan plaas op die getal wapens en ammunisie wat ingevoer en uitgevoer mag word en ook dat geen persoon enige wapen of ammunisie mag vervoer sonder die nodige vervoerpermit nie. Die bewoording lui soos volg:

'**(3) The Registrar may, taking into account the need and purpose stated by the applicant, restrict the number and type of firearms and ammunition that may be imported and exported in terms of this Chapter;**

(4) No person may transport any firearm or ammunition in South Africa without a transportation permit.”

Kommentaar: *Alhoewel die bedoeling van hierdie artikel en die wysiging daarvan waarskynlik fokus op kommersiële vervoer van wapens en ammunisie mag dit onbedoelde gevolge hê. Duisende jagters en sportskuts sowel as persone wat daagliks wapens dra sal geen wapen mag vervoer sonder ’n permit wat deur die Registrateur uitgereik is nie. Dit gaan onmoontlik wees vir die Polisie om hierdie wysiging toe te pas.*

Hier is ook ‘n duidelike inperking wat op handelaars geplaas word ten opsigte van ‘n beperking op die getal wapens wat ingevoer of uitgevoer mag word.

Artikel 74

Hierdie artikel handel met die vereistes waaraan voldoen moet word om in- en uitvoerpermitte vir wapens te kry. Hier word ‘n wysiging voorgestel wat meebring dat indien ‘n tydelike wapeninvoerpermit nie vooraf goedgekeur word nie, die wapen by die punt van binnekoms in die RSA by die aangewese vuurwapenbeampte gelaat moet word sodat die persoon eers aansoek kan doen vir ‘n permit alvorens die persoon die wapen kan terugkry. Verder mag geen verbode wapens (outomatiese wapens) ingevoer word nie.

Kommentaar: *Hierdie wysiging sal ‘n materiële impak hê op beide jag en sportskiet. Indien daar nie vooraf aansoek gedoen word vir tydelike invoerpermitte nie sal wapens nie beskikbaar gestel word vir deelname in jag- of sportskietaktiwiteite nie. Daar moet nou reeds minstens 3 maande vooruit aansoek gedoen word vir tydelike invoer- en uitvoerpermitte wat alreeds laat uitgereik word ten spyte van die feit dat mense 3 maande vooraf aansoek gedoen het. Hierdie wysiging sal tot gevolg hê dat geen buitelander in RSA kom jag of aan sportskiet sal kan deelneem nie. Dit gaan ‘n massiewe verlies vir die RSA meebring.*

Artikel 74A

Hierdie artikel fokus op die kommersiële uitvoer van wapens en ammunisie maar dit mag ook onbedoelde gevolge hê. Dit bepaal onder andere dat ‘n uitvoerpermit vir wapens en/of ammunisie slegs uitgereik sal word na ‘n invoerpermit daarvoor uitgereik is deur die land waarheen dit uitgevoer word. Die toevoeg van hierdie artikel maak ook die bepalings van die “National Conventional Arms Control Act” van 2002 van toepassing op alle uitvoer van wapens. Die bedoeling van bogenoemde wet is eintlik van toepassing op wapens vir militêre gebruik, nie jag- en sportskietwapens nie.

Kommentaar: *Daar is ‘n redelik algemene gebruik by ander lande dat daar eers ’n uitvoerpermit uitgereik moet word alvorens so ‘n land ‘n invoerpermit sal toestaan. Hierdie wysiging kan baie maklik in ‘n skaakmat situasie ontaard waar geen uitvoerpermit (tydelik of permanent) uitgereik kan word nie.*

Artikel 84

Hiedie artikel handel grootliks met die dra van vuurwapens in die openbaar en hier word verder voorsiening gemaak dat die Minister die wyse mag voorskryf waarop ‘n sekuriteitsbeampte in die uitvoer van sy/haar pligte ‘n vuurwapen mag dra.

Artikel 85

Hierdie artikel handel met die stoor van vuurwapens. Soos die wet tans lees mag ‘n individu slegs wapens van ‘n ander gelisensieerde vuurwapeneienaar stoor indien die plaaslike aangewese vuurwapenbeampte ‘n stoorpermit uitgereik het.

Hierdie voorgestelde wysiging maak voorsiening dat ‘n handelaar wettige gelisensieerde wapens mag stoor **en ook dat een wapeneienaar ‘n ander se wapens vir ‘n beperkte tydperk mag stoor met die nodige skriftelike magtiging**.

Kommentaar: *Hierdie is letterlik die eerste konstruktiewe voorgestelde wysiging wat voorsien word. Die bedoeling is klaarblyklik dat ‘n wapeneienaar self die magtiging aan ‘n ander wapeneienaar mag gee om wapens vir n beperkte tydperk te stoor.*

Artikel 86

Hierdie artikel handel met die vervoer van vuurwapens. Tans maak die wet in beginsel voorsiening vir koeriers en soortgelyke logistieke ondernemings om teen vergoeding vuurwapens te vervoer. Nou word ‘n nuwe klousule voorgestel wat ‘n beperking plaas op enigiemand **wat nie ‘n vervoerpermit het nie** om **nie meer as 3 vuurwapens te vervoer** nie. Die klousule lees soos volg:

“(4) Any person who is not in possession of a firearm transporter’s permit issued in terms of this Act, may not transport more than three firearms at a time.”

Kommentaar: *Hierdie voorgestelde wysiging sal ‘n ernstige beperking op jagters en sportskuts plaas. Sportskietkompetisies word juis so gereël dat meerdere skuts saam in een voertuig kan reis met meerdere wapens. Jagters reis ook dikwels saam in een voertuig met meer as 3 vuurwapens. Dit is ‘n sinnelose wysiging.*

Dit word dikwels ondervind dat tot soveel as 5 jagters of sportskuts in een voertuig reis om koste te bespaar en elkeen met twee tot drie wapens reis om te gaan jag of aan sportskietaktiwiteite deel te neem. Die beperking van 3 wapens is bloot sinneloos en onprakties.

Artikel 91

Artikel 91 van die wet bepaal tans dat enige lisensiehouer hoogstens 200 rondtes ammunisie in sy besit mag hê vir elke vuurwapen waarvoor hy/sy ‘n lisensie het. Dit bepaal verder dat hierdie beperking nie geld vir toegewyde jagters, toegewyde sportskuts en beroepsjagters nie. Daar word nou voorgestel dat die maksimum aantal rondtes beperk word to slegs 100 per elke gelisensieerde vuurwapen en dat die Registrateur met goeie rede toestemming mag verleen dat ‘n toegewyde sportskut, toegewyde jagter, geakkrediteerde opleidingsverskaffer, geleentheidsjagter en geleentheidsportskut meer as die maksimum van 100 rondtes ammunisie mag aanhou. In hierdie proses moet die registrateur aandag gee aan hoe dikwels die vuurwapen gebruik word, die vlak van deelname in die aktiwiteit waarvoor die wapen geregistreer is, die aantal patrone wat per geleentheid gebruik is en enige ander relevante faktore.

Kommentaar: *Hierdie voorgestelde wysiging maak geen sin nie en daar is geen rasionele rede daarvoor nie. SA Jagters het net meer as 44 000 aktiewe lede waarvan 16 951 toegewyde jagters en 13 285 toegewyde sportskuts is. Elkeen van hierdie lede sal sekerlik aansoek doen vir die vrystelling soos voorsien. Die Polisie het geen idee hoeveel onnodige rompslomp en frustrasie daar geskep word met hierdie sinnelose voorgestelde wysiging nie.*

Artikel 93

Hierdie artikel maak voorsiening daarvoor dat elke persoon met ‘n wettige gelisensieerde vuurwapen sy/haar eie patrone kan laai vir die vuurwapens waarvoor h/sy lisensies het vir sy/haar eie gebruik. Verder word die getal slagdoppies in besit beperk na hoogstens 2 400. Die voorgestelde wysiging skrap hierdie artikel in geheel.

Kommentaar: *Dit is duidelik dat geen herlaai van ammunisie toegelaat sal word ingevolge die voorgestelde wysigings nie. Hierdeur sal duisende herlaaiers met probleme gelaat word en baie moontlik ook verkriminaliseer word.*

Artikel 96

Hierdie artikel handel met die verpligtinge op amptelike instellings (Polisie, Weermag, Korrektiewe Dienste, Intelligensiedienste ens.)

Kommentaar: *Vir die eerste keer word voorgestel dat die hoofde van amptelike instellings kwartaalliks moet rapporteer hoeveel vuurwapens en ammunisie verlore geraak het of gesteel is, die datum van die verlies, die omstandighede van die verlies, optrede teen die betrokke persone en stappe geneem om soortgelyk verlies te voorkom. Verder word voorsiening gemaak vir die ballistiese toetsing van alle vuurwapens in besit van amptelike instellings. Hierdie wysiging word ondersteun.*

Artikel 102

Hierdie artikel handel oor die onbevoegverklaring van ‘n individu om ‘n vuurwapen te besit. Die voorgesteld wysiging maak voorsiening daarvoor dat wanneer ‘n individu deur die Registrateur onbevoeg verklaar word om ‘n vuurwapen te besit, die Registrateur die duur van sodanige onbevoegdheid moet bepaal.

Verder maak die voorstel voorsiening daarvoor dat wanneer ‘n individu aangekla word van ‘n misdaad wat geweld as element bevat of wanneer ‘n tydelike beskermingsbevel teen ‘n individu uitgereik word ingevolge die Wet op Gesinsgeweld, mag die registrateur die vuurwapenlisensies van sodanige persone opskort. By die uitreik van ‘n finale beskermingsbevel word die lisensie in elk geval opgeskort. Wanneer vuurwapens se lisensie opgeskort word moet sodanige vuurwapens by die polisie ingehandig word vir veilige bewaring. Indien ‘n beskermingsbevel herroep word of ‘n individu onskuldig bevind word van ‘n klag van geweldmisdaad, moet die individu se vuurwapens aan hom/haar terugbesorg word. Wanneer die individu skuldig bevind word aan enige van die bogenoemde oortredings word daar beslag gelê op alle wapens en ammunisie in die individu se besit.

Kommentaar: *SA Jagters ondersteun die beginsel dat individue wat hulle skuldig maak aan gesinsgeweld of enige geweldsmisdade nie toegelaat behoort te word om wapens te besit nie. Die Polisie word egter nie vertrou om enige wapens in veilige bewaring te hou nie. Daar word voorgestel dat die wapens eerder deur ‘n geakkrediteerde handelaar veilig bewaar word. Indien ‘n individu skuldig bevind word, behoort die handelaar toegelaat te word om die wapens te verkoop tot ekonomiese voordeel van die betrokke individu en nie net verbeurd verklaar word nie.*

Artikel 120

Artikel 120 spel die oortredings van die wet uit waaraan individue hulle skuldig maak. Hier word voorgestel dat enigeen wat aan ‘n kind jonger as 16 jaar beheer oor ‘n vuurwapen gee, skuldig sal wees aan ‘n oortreding van die wet.

Kommentaar: *Hierdie wysiging sal baie ouers van kinders jonger as 16 jaar in die RSA verkriminaliseer.*

Artikel 124

Hierdie artikel handel oor die verpligting geplaas op die Registrateur. Die voorgestelde wysigings maak voorsiening daarvoor dat die Sentrale Vuurwapenregister ‘n **afdeling** van die Polisiediens word.

Verder word daar voorgestel dat die registrateur kwartaalliks verslag doen aan die Minister en die Parlement oor:

- Diefstal en verliese van wapens en ammunisie van amptelike instansies
- Diefstal en verliese van wapens en ammunisie wat by die Polisie ingehandig is vir vernietiging
- Die uitkoms van ondersoeke na verliese en diefstal van wapens en ammunisie onder beheer van die Polisie en ander amptelike instansies
- Dissiplinêre en kriminele optrede teen lede wat wapens en ammunisie deur nalatigheid verloor het

Kommentaar: *Vir die eerste keer lyk dit of die Polisie en ander gewapende magte verantwoordelik gehou sal word vir die verlies van vuurwapens en ammunisie uit hulle besit en beheer.*

Verder word die pligte en verantwoordelikhede van aangewese vuurwapenoffisiere in meer detail uitgespel. Dit sluit in dat die aangewese vuurwapenoffisiere moet toesien dat polisiebeamptes die voorgeskrewe bevoegdheidstoetse ondergaan voordat amptelike vuurwapens aan hulle uitgereik word, gereelde inspeksies by sekuriteitsdiensverskaffers doen, en verseker dat alle wapens wat ingehandig word vir vernietiging ballisties getoets word.

Kommentaar: *Hierdie wysigings word sterk aanbeveel.*

Artikel 124A en B

Hierdie twee artikels word ingesluit in die konsepwysigingswet en spel die verantwoordelikhede uit wat op bevelvoerders van Polisiestasies rus.

Kommentaar: *Hierdie insluiting word ondersteun*

Artikel 127

Artikel 127 maak voorsiening vir die aanstel van die hoof van die Sentrale Vuurwapenregister. Die wysiging stel voor dat die Hoof van die SVR aangestel moet word as ŉ afdelingskommissaris (Divisional Commissioner)

Kommentaar: *Dit maak nie regtig saak wat die vlak van die bevelvoerder is nie. Indien die SVR nie behoorlik befonds, beman en bestuur word nie is daar geen manier wat die wet behoorlik geïmplementeer kan word nie.*

Artikel 128, 128A, 129, 130, 131, 131A, B

Hierdie artikels handel met die Appèlraad wat die Minister aanstel om appèlsake teen die beslissings van die SVR te hanteer. Die bedoeling van die wysigings is om die appèlraad te vergroot, die werkswyse te beskryf ens.

Kommentaar: *Die belangrikste aspek oor die appèlraad word nie aangespreek nie naamlik dat dit behoort te bestaan as ŉ liggaam wat* ***onafhanklik staan van die Sentrale Vuurwapenregister en sy bevelstruktuur****. Die appèlraad moet beslissings van die SVR wat foutief is en waarteen daar beswaar gemaak word hanteer. Dit raak bykans onmoontlik om dit te doen indien die appèlraad nie afsonderlik van die SVR bestaan en kundige persone in diens het nie. Hierdie is ‘n fatale fout in die struktuur wat behou word.*

Artikel 145

Artikel 145 van die wet maak voorsiening daarvoor dat die Minister regulasies kan publiseer om ŉ verskeidenheid onderwerpe te hanteer. Hier word nou voorsiening gemaak dat die volgende sake by wyse van regulasie voorgeskryf kan word. Ons noem slegs enkeles wat van belang is vir jagters en sportskuts.

(mB) the consideration and processing of applications for competency certificates and licences to possess firearms;

(mC) the requirements for awarding a dedicated status to a dedicated hunter or dedicated sports-person;

((mH) the issuing of a temporary authorisation, including its period of validity and conditions, for firearms of a non-citizen who enters the Republic with a firearm to participate in sports-shooting or hunting activities;

(mL) the marking of ammunition at point of manufacture;

(mT) the measures relating to the storage and safekeeping of firearms or ammunition in a deceased estate;"

"(2) A regulation may provide for a penalty for any contravention thereof or failure to comply therewith, of a fine or imprisonment for a period not exceeding [12 months] three

years or both such a fine and such imprisonment in the case of a natural person and to a fine not exceeding R500 000 in the case of a juristic person.".

Kommentaar: *Indien die bedoeling van die regulasies is om duidelikheid te gee oor die vereistes om bevoeg verklaar te word om 'n vuurwapen te mag besit, kan dit sinvol wees. Om egter bo en behalwe bevoegdheid om 'n vuurwapen te besit ook 'n verdere bevoegdheid te vereis om as toegewyde jagter of sportskut verklaar te word, raak werklik sinneloos. Elke toegewyde jagter en sportskut moet in elk geval bevoeg wees om wapens te besit. Die enigste verskil is dat hulle meer as net vier wapens mag besit. Verdere regulasies hieroor is werklik sinneloos.*

Indien die regulasies bedoel om tydelike invoerpermitte maklik en vinnig uit te reik vir besoekende jagters en sportskuts, kan dit positief bydra tot die ervaring om die RSA te besoek. Die proses wat nou in gebruik is, is egter reeds omslagtig en pynlik. Dit moet verseker nie moeiliker gemaak word nie.

Die voorsiende regulasies om ammunisie te merk by die punt van vervaardiging is ook nie sinvol nie. Vervaardigers van ammunisie sit in elk geval hulle eie kenmerkende kopstempel op doppe wat in hulle ammunisie gebruik word. Enige verdere merk van ammunisie kan net die koste verhoog en sal waarskynlik geen verdere bydrae lewer to beter veiligheid en sekuriteit van landsburgers nie.

Die bewaar en stoor van vuurwapens en ammunisie word in elk geval reeds bepaal. Vuurwapens moet óf in 'n voorgeskrewe kluis bewaar word óf onder die eienaar se persoonlike beheer wees. Wat meer kan voorgeskryf word.

Die straf vir oortreding van 'n regulasie word verhoog van 1 jaar na 3 jaar tronkstraf sonder om enige duidelikheid te gee oor die aard van die oortreding.

Artikel 147A en 148

Hierdie artikels handel oor die hantering van 'n vuurwapen en ammunisie na die afsterwe van die lisensiehouer. 'n Nuwe artikel 147A bepaal dat die eksekuteur van 'n boedel nie onwettig in besit van 'n vuurwapen sal wees indien hy dit hou met die doel om dit te verhandel nie. Hierdie voorgestelde invoeging bring minstens sekerheid oor die verpligtinge van die eksekuteur. Artikel 148 word gewysig om die eksekuteur ook in staat te stel om die wapen veilig te bewaar tot ná 'n lisensieaansoek afgehandel is, sowel as om van die vuurwapen ontslae te raak sou die aansoek om 'n lisensie geweier word.

Kommentaar: *Hierdie voorgestelde wysigings bring minstens meer duidelikheid oor die hantering van wapens en ammunisie in boedels. Dit word ondersteun.*

Wysiging van Skedule 1: Oorgangsmaatreëls

Die oorgangsmaatreëls in skedule 1 word gewysig om voorsiening te maak vir die implementering van voorgestelde wysigings in die wet. Die volgende is van belang:

1B en 1C

Hier word voorsiening gemaak vir die lisensiëring van voorlaaier en "cap and ball" vuurwapens. Bevoegdheid word vereis vir die besit van hierdie wapens en die wapens moet binne 18 maande na inwerkingtreding van die wet herlisensieer word.

1E

Hier word voorsiening gemaak dat alle "actions, frames and receivers" gelisensieer moet word vir besit binne 18 maande nadat die wet inwerking getree het.

Kommentaar: *Hier word minstens sekerheid gebring oor die lisensiëring van sekere onderdele van vuurwapens.*

1F Herlisensiëring van Vuurwapens

Hierdie voorgestelde wysiging handel met die herlisensiëring van wapens wat gehou word met **ou groen lisensies**. Hier word voorsiening gemaak dat alle wapens met ou groen lisensie

geldig sal bly vir ‘n tydperk van 2 jaar na die inwerkingtreding van hierdie wysiging van die wet. Die minister mag met die instemming van die parlement die twee jaar tydperk verleng. Alle wapens wat met ou groen lisensie gehou word moet gedurende die twee jaar herlisensieer word deur aansoek te doen vir ‘n ooreenstemmende nuwe lisensie.

Kommentaar: *Hier word die interdik van 2009 wat steeds bestaan netjies omseil. Dit is jammer dat daar nie duidelikheid gegee word oor die vooraf of tegelyke aansoek om bevoegdheid nie. Die vermoede is dat ten beste die individu tegelyk sal kan aansoek doen vir bevoegdheid en vir ‘n nuwe lisensie. Daar word ook nou nie meer vereis dat die wapen eers ingehandig moet word nie. Dit is ‘n positiewe stap. In beginsel sal individue wat wapens met ou geldige groen lisensies het, binne twee jaar net aansoek moet doen vir bevoegdheid en nuwe lisensies vir hierdie wapens sonder dat die wapens ingehandig moet word*

1G Geldigheid van Bevoegdheid en Lisensies

Die oorgangsbepaling voorsien dat bevoegdheid geldig sal bly vir slegs die termyn tot wanneer die lisensie van die toepaslike wapen verval of 5 jaar na inwerkingtreding van die wet, welke tydperk ookal die kortste is.

Lisensies sal geldig bly tot die vervaldatum op die lisensie gedruk wat dus langer as 5 jaar mag wees.

Kommentaar: *Vir nou is die bevoegdheid vir selfverdedigingswapens geldig vir 5 jaar terwyl jag en sportskietwapens se bevoegdheid geldig is vir 10 jaar (soos toegepas deur die Polisie). Met die verkorting in die geldigheidstydperk van bevoegdheid na 5 jaar, sal die volume werk van die Polisie verdubbel. Dit word betwyfel of die SVR die kapasiteit en vermoë het om hierdie proses sinvol uit te voer.*